

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

AARDRYKSKUNDE VRAESTEL 1

STANDAARDGRAAD

OKTOBER/NOVEMBER 2006

502-2/1A

AARDRYKSKUNDE SG: Vraestel 1
Vraestel & Bylae

PUNTE: 225



502 2 1A

SG

TYD: 3 uur

X25



Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye en 1 bylae.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings: AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.
2. Beantwoord slegs DRIE vroeë: EEN uit AFDELING A
EEN uit AFDELING B
EEN uit AFDELING C
3. ALLE diagramme is in die bylae ingesluit.
4. Begin die antwoord van elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Nommer die antwoorde presies soos die vroeë in hierdie vraestel genommer is.
6. Trek 'n lyn na elke voltooide antwoord.
7. MOENIE in die kantlyne van die antwoordeboek skryf nie.
8. Omkring die nommers van die vroeë wat jy beantwoord het op die voorblad van die antwoordeboek.
9. Skryf netjies en leesbaar.
10. Illustreer, waar moontlik, jou antwoorde met benoemde diagramme.

AFDELING A: FISIESE AARDRYKSKUNDE

Beantwoord EEN VRAAG uit hierdie afdeling.

VRAAG 1

- 1.1 Die volgende stellings hou almal verband met fisiese aardrykskunde. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) neer.

- | | | | |
|-------|---|---------|-----|
| 1.1.1 | Middelbreedtesiklone is laagdrukstelsels. | (1 x 2) | (2) |
| 1.1.2 | Middelbreedtesiklone ontstaan langs die ooskus van Suid-Afrika. | (1 x 2) | (2) |
| 1.1.3 | Die hangkruin van 'n mesa het 'n konvekse helling. | (1 x 2) | (2) |
| 1.1.4 | Die hangkruin kom direk bokant die pediment voor. | (1 x 2) | (2) |
| 1.1.5 | Gras tree as 'n produseerdeerder in 'n ekosisteem op. | (1 x 2) | (2) |

- 1.2 FIGUUR 1.2 (BYLAE aangeheg) is 'n gedeelte van 'n sinoptiese weerkaart wat tipiese weerstoestande in die wintermaande van die Suidwes-Kaap voorstel. 'n Middelbreedtesikloon (X) is wes van Kaapstad geleë. Verwys na FIGUUR 1.2 en beantwoord die volgende vrae:

- | | | |
|-------|---|---------|
| 1.2.1 | Noem die volgende weerstoestande wat by Kaapstad ervaar word: | |
| (a) | Lugtemperatuur | (1) |
| (b) | Doupunkttemperatuur | (1) |
| (c) | Wolkbedekking | (1) |
| 1.2.2 | Identifiseer die fronte gemerk A, B en C onderskeidelik. | (3) |
| 1.2.3 | Wat is die algemene bewegingsrigting van 'n middelbreedtesikloon? | (1 x 2) |
| 1.2.4 | Die middelbreedte-sikloon sal in die volgende 24 uur oor Kaapstad beweeg. Noem hoe die volgende weerstoestande sal verander soos dit verbybeweeg: | |
| (a) | Lugtemperatuur | (1 x 2) |
| (b) | Wolkbedekking | (1 x 2) |

(c) Reëerval	(1 x 2)	(2)
---------------------	----------------	------------

1.2.5 FIGUUR 1.2 is 'n tipiese winter sinoptiese weerkaart. Gee EEN rede om hierdie stelling te staaf. (1 x 2) (2)

1.3 Rondom die Suidwes-Kaap na die noorde en ooste lê die Kaapse Plooiberge. Hierdie bergreekse het 'n tipiese dreineringspatroon en sy eie unieke mikroklimaat ontwikkel.

1.3.1 Verwys na FIGUUR 1.3A (BYLAE aangeheg) wat die dreineringspatroon wat in die Kaapse Plooiberge ontwikkel het, aandui.

(a) Identifiseer die dreineringspatroon geïllustreer in FIGUUR 1.3A. Kies uit die terme *tralie* of *dendrities*. (1)

(b) Gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 1.3.1(a). (1 x 2) (2)

(c) Behalwe tralie- en dendritiese dreineringspatrone, noem enige ander dreineringspatroon wat jy bestudeer het. (1 x 2) (2)

(d) 'n Keerbank (rots wat nie deurlaatbaar is nie) het 'n hoë afloop en 'n lae infiltrasie op die geïllustreerde landskap. Verduidelik waarom dit so is. (2 x 2) (4)

(e) Noem TWEE ander faktore wat 'n hoë afloop en 'n lae infiltrasie tot gevolg het. (2 x 2) (4)

1.3.2 Verwys na FIGUUR 1.3B (BYLAE aangeheg) wat 'n katabatiese (hellingdalende) wind voorstel wat in die Kaapse Plooiberge sal ontwikkel.

(a) Wanneer ontwikkel 'n katabatiese (hellingdalende) wind? (1)

(b) Verduidelik hoe 'n katabatiese (hellingdalende) wind ontwikkel. (2 x 2) (4)

(c) Katabatiese (hellingdalende) winde kan tot die ontwikkeling van 'n rypholte op die valleivloer aanleiding gee. Verduidelik hoe 'n rypholte ontstaan. (2 x 2) (4)

1.4 As jy verder noordoos van die Kaapse Plooiberge reis, sal jy die struktuur-landskappe geïllustreer in FIGUUR 1.4 (BYLAE aangeheg), vind. Verwys na FIGUUR 1.4 en beantwoord die volgende vrae:

- | | | |
|-------|---|-------------|
| 1.4.1 | Identifiseer landvorme K en L onderskeidelik. | (2) |
| 1.4.2 | Het landvorme K en L op horizontale of hellende gesteentelae ontwikkel? | (1) |
| 1.4.3 | Wat voorkom dat landvorme K en L afgeplat word? | (1 x 2) (2) |
| 1.4.4 | Waar in Suid-Afrika sal hierdie landskap tipies gevind word? (1 x 2) | (2) |
| 1.4.5 | (a) Watter EEN van die hellings, Q of R, sal hoofsaaklik uit verweerde materiaal bestaan? (1 x 2) | (2) |
| | (b) Waar kom hierdie verweerde materiaal vandaan? (1 x 2) | (2) |
| 1.5 | Verwys na FIGUUR 1.4 wat 'n ekosisteem, eie aan hierdie landskap, illustreer. | |
| 1.5.1 | Definieer die term <i>ekosisteem</i> . | (2) |
| 1.5.2 | Wat is die hoofbron van energie in hierdie ekosisteem? | (1) |
| 1.5.3 | Identifiseer EEN biotiese (lewende) komponent in hierdie ekosisteem. | (1) |
| 1.5.4 | Identifiseer EEN abiotiese (nie-lewende) komponent in hierdie ekosisteem. | (1) |
| 1.5.5 | Die boer wat in hierdie ekosisteem boer, gebruik grondwater. | |
| | (a) Gee EEN bewys om die bogenoemde stelling te staaf. | (1) |
| | (b) Hoe beïnvloed die gebruik van grondwater die watertafel in hierdie landskap? (1 x 2) | (2) |
| 1.5.6 | Skaapboerdery in hierdie ekosisteem het tot gronderosie aanleiding gegee hoofsaaklik as gevolg van te veel skape. | |
| | (a) Verduidelik hoe te veel diere gronderosie tot gevolg kan hê. (2 x 2) | (4) |
| | (b) Met verwysing na FIGUUR 1.5 (BYLAE aangeheg), stel TWEE maniere voor hoe gronderosie bestry kan word. (2 x 2) | (4) |

OF**VRAAG 2**

- 2.1 Die volgende stellings hou almal verband met fisiese aardrykskunde. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer neer.
- | | | | |
|-------|---|---------|-----|
| 2.1.1 | 'n Kuslaagdruk ontwikkel langs die weskus van Suid-Afrika. | (1 x 2) | (2) |
| 2.1.2 | Lugbeweging is antikloksgewys rondom die kuslaagdruk. | (1 x 2) | (2) |
| 2.1.3 | Die verarmde rivier is die rivier wat water verloor nadat stroomroof plaasgevind het. | (1 x 2) | (2) |
| 2.1.4 | 'n Waterval kan ontwikkel by die roofelboog nadat stroomroof plaasgevind het. | (1 x 2) | (2) |
| 2.1.5 | In 'n ekosisteem is erdwurms die ontbinders. | (1 x 2) | (2) |
- 2.2 FIGUUR 2.2 (BYLAE aangeheg) toon die ontwikkeling van bergwindtoestande.
- | | | | |
|-------|--|---------|-----|
| 2.2.1 | Gee TWEE bewyse dat FIGUUR 2.2 bergwindtoestande voorstel. | (2) | |
| 2.2.2 | Gedurende watter seisoen ontwikkel bergwinde? | (1 x 2) | (2) |
| 2.2.3 | Gee 'n rede waarom 'n bergwind 'n warm wind is, met in agneming dat lug teen die eskarp afdaal tydens die ontwikkeling van 'n bergwind. | (1 x 2) | (2) |
| 2.2.4 | Bergwinde kan tot die ontstaan van veldbrande lei. Noem EEN voorsorgmaatreël wat getref kan word om die impak van veldbrande rondom Port Elizabeth te verminder. | (1 x 2) | (2) |
| 2.2.5 | Watter weerstelsel sal bergwindtoestande in Port Elizabeth laat opklaar (stop)? | (1 x 2) | (2) |

2.3 FIGUUR 2.3 (BYLAE aangeheg) illustreer 'n stedelike hitte-eiland en 'n besoedelingskoepel wat heel waarskynlik oor 'n stad soos Port Elizabeth sal ontwikkel.

2.3.1 Definieer die volgende terme:

(a) Stedelike hitte-eiland (2)

(b) Besoedelingskoepel (2)

2.3.2 Gee TWEE bronse van lugbesoedeling in 'n stad. (1 x 2) (2)

2.3.3 Besoedelingskerne speel 'n groot rol in die ontwikkeling van 'n stedelike hitte-eiland. Gee TWEE moontlike oplossings om lugbesoedeling in die stad te beperk. (2 x 2) (4)

2.3.4 Gee TWEE moontlike redes waarom stede warmer as hul landelike omgewings is. (2 x 2) (4)

2.4 Noordoos van Port Elizabeth vind 'n mens die nedersetting Seymore wat deur 'n soortgelyke landskap omring word as die een op FIGUUR 2.4 (BYLAE aangeheg). FIGUUR 2.4 toon homoklinale rûe.

2.4.1 Word die landskap wat in FIGUUR 2.4 geïllustreer word, met hellende lae of horizontale lae geassosieer? (1)

2.4.2 (a) Watter rotslaе (weerstandbiedend of nie-weerstandbiedend) sal die rûe en valleie onderskeidelik vorm? (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 2.4.2(a). (2 x 2) (4)

2.4.3 Identifiseer hange P en Q wat met landvorm Y geassosieer word. (2 x 2) (4)

2.4.4 Verduidelik waarom die landskap wat in FIGUUR 2.4 geïllustreer word, geskik is vir landbou-aktiwiteite. (2 x 2) (4)

2.5 Die aard van die landskap wat in FIGUUR 2.4 geïllustreer word, leen homself tot stroomroof. FIGUUR 2.5 (BYLAE aangeheg) toon 'n landskap voordat en nadat stroomroof plaasgevind het.

2.5.1 Hoe sal die volume water van elk van die volgende riviere verander nadat stroomroof plaasgevind het?

(a) Rivier E (1 x 2) (2)

(b) Rivier B (1 x 2) (2)

2.5.2 Dui aan hoe die volgende riviere se erosievermoë verander het nadat stroomroof plaasgevind het. Gebruik die terme *vermeerder* of *verminder* in elke geval.

(a) Rivier E (1 x 2) (2)

(b) Rivier B (1 x 2) (2)

2.6 FIGUUR 2.6 (BYLAE aangeheg) toon 'n voedselweb in die omgewing van Seymore. Die voedselweb bestaan uit baie voedselkettings.

2.6.1 Definieer die term *voedselketting*. (2)

2.6.2 (a) Identifiseer die produseerder in hierdie ekosisteem. (1)

(b) Identifiseer EEN herbivoor in hierdie ekosisteem. (1)

2.6.3 Kies EEN voedselketting uit die voedselweb wat uit VIER trofiese (voedings-) vlakke bestaan. Skryf die elemente van die voedselketting van die laagste na die hoogste trofiese (voedings-) vlak neer. (4)

2.6.4 (a) Indien die uil uit die voedselweb verwijder word, sal die haasbevolking vermeerder of verminder? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 2.6.4(a). (2 x 2) (4)

2.6.5 Beskryf, deur na jou antwoord in VRAAG 2.6.4(a) te verwys, hoe die plantegroei in die ekosisteem beïnvloed sal word. (1 x 2) (2)

TOTAAL AFDELING A: **75**

AFDELING B: NEDERSETTINGSAARDRYKSKUNDE

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 3

3.1 Die volgende stellings hou almal verband met nedersettingsaardrykskunde. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer neer.

3.1.1 Verwys na FIGUUR 3.2 (BYLAE aangeheg).

- | | | | |
|-----|---|---------|-----|
| (a) | Nedersetting A het 'n lineêre vorm. | (1 x 2) | (2) |
| (b) | Nedersetting A is 'n geïsoleerde plaasopstal. | (1 x 2) | (2) |
| (c) | Nedersetting B het 'n T-vorm. | (1 x 2) | (2) |

- | | | | |
|-------|--|---------|-----|
| 3.1.2 | (a) Die fisiese/ruimtelike groei van 'n stad word na verwys as stedelike uitbreiding. | (1 x 2) | (2) |
| | (b) Die absolute toename in die aantal mense woonagtig in 'n stad word na verwys as die vlak van verstedeliking. | (1 x 2) | (2) |

3.2 FIGUUR 3.2 toon verskillende nedersettings en die keuse van standpase. Bestudeer FIGUUR 3.2 sorgvuldig en beantwoord die volgende vrae:

3.2.1 Wat word met die term *standplaas* bedoel? (2)

3.2.2 Noem TWEE fisiese faktore wat 'n rol in die ontwikkeling van die volgende nedersettings gespeel het:

- | | | |
|-----|----------------|-----|
| (a) | Nedersetting A | (2) |
| (b) | Nedersetting B | (2) |

3.2.3 Verwys na FIGUUR 3.2 en nedersetting A. Nedersetting A illustreer privaat eienaarskap.

- | | | | |
|-----|---|---------|-----|
| (a) | Watter bewys dui daarop dat nedersetting A met privaat eienaarskap geassosieer word? | (1 x 2) | (2) |
| (b) | Noem TWEE voordele wat 'n boer het wat in hierdie nedersetting woon met betrekking tot die bestuur van sy/haar plaas. | (2 x 2) | (4) |

- 3.2.4 (a) Beskryf die vorm van elk van die phasie in nedersetting A. (1 x 2) (2)
- (b) Gee EEN rede waarom die vorm aangeneem het. (1 x 2) (2)
- 3.2.5 Baie mense wat in die gebied van FIGUUR 3.2 woon, trek na die stede.
- (a) Noem TWEE stootfaktore wat veroorsaak dat mense die platteland verlaat. (2 x 2) (4)
- (b) Wat is die gevolge (negatiewe effekte) van die bogenoemde beweging vir landelike gebiede? (2 x 2) (4)
- (c) Watter maatreëls kan ingestel word om hierdie beweging van mense vanaf die platteland te vertraag? (2 x 2) (4)
- 3.3 Landelike migrante sal beweeg na, en woon in, nedersettings soos die een geïllustreer in FIGUUR 3.3 (BYLAE aangeheg). FIGUUR 3.3 toon verskillende grondgebruiksones wat 'n mens in die stad vind.
- 3.3.1 Definieer die term *grondgebruikzone*. (2)
- 3.3.2 Noem enige DRIE grondgebruiksones in 'n stad. (3)
- 3.3.3 FIGUUR 3.3 toon 'n syaansig van 'n stad.
- (a) Watter term word gebruik om die syaansig te beskryf? (1)
- (b) Waar in die stad sal mens die hoogste geboue vind? (1 x 2) (2)
- (c) Waar in die stad sal mens die laagste geboue vind? (1 x 2) (2)
- (d) Waar in die stad is geboue baie naby aan mekaar? (1 x 2) (2)
- (e) Waar in die stad is geboue baie ver van mekaar af? (1 x 2) (2)
- (f) Verduidelik waarom die deel van die stad wat die hoogste geboue het ook die digste bebou is. (2 x 2) (4)

- 3.3.4** Gewoonlik tref mens die vervalsone (oorgangsone) rondom die SSK aan. Hierdie sone het gemengde funksies.
- (a) Noem EEN funksie wat in hierdie sone voorkom. (1 x 2) (2)
 - (b) Beskryf die toestand van die geboue in hierdie sone. (1 x 2) (2)
 - (c) Baie stedelike hernuwingsprojekte fokus op die verbetering van die toestande in die vervalsone (oorgangsone). Maak TWEE moontlike voorstelle om hierdie toestande te verbeter. (2 x 2) (4)
- 3.3.5** Die SSK is die kommersiële hart van die stad en baie hoë- en lae-ordefunksies kom hier voor.
- (a) Waarvoor staan die afkorting SSK? (3)
 - (b) Gee EEN voorbeeld van 'n hoë-ordefunksie wat in die SSK voorkom. (1 x 2) (2)
 - (c) Gee EEN voorbeeld van 'n lae-ordefunksie wat in die SSK voorkom. (1 x 2) (2)
 - (d) Hoekom kom so baie hoë-ordefunksies in die SSK voor? (1 x 2) (2)
 - (e) Baie kommersiële funksies beweeg uit die SSK na die buitewyke/voorstede van die stad. Gee EEN rede hoekom dit gebeur. (1 x 2) (2)

[75]**OF**

VRAAG 4

4.1 Die volgende stellings hou almal verband met nedersettingsaardrykskunde. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer neer.

- 4.1.1 Verwys na FIGUUR 4.2 (BYLAE aangeheg) wat 'n plaas in die Suidelike Halfrond aandui.
- (a) Die plaasopstal is op die helling wat noord front, geleë. (1 x 2) (2)
 - (b) Die standplaas is uitgesoek om maksimum sonlig te kry. (1 x 2) (2)
- 4.1.2 Verwys na FIGUUR 4.4 (BYLAE aangeheg).
- (a) Naledi het 'n radiale-/spinnerakstraatpatroon. (1 x 2) (2)
 - (b) Kommersiële sone X is die SSK. (1 x 2) (2)
 - (c) Die SSK is die grootste grondgebruiksone in die stad. (1 x 2) (2)
- 4.2 FIGUUR 4.2 toon 'n boerderynedersetting in die Suidelike Halfrond. Verwys na FIGUUR 4.2 om die volgende vrae te beantwoord:
- 4.2.1 Wat is 'n nedersetting? (2)
- 4.2.2 Die boer wat in hierdie nedersetting woon, produseer meer as een produk.
- (a) Noem TWEE produkte wat die boer kan produseer. (2 x 2) (4)
 - (b) Noem EEN voordeel om meer as een produk te produseer. (1 x 2) (2)

- 4.2.3 Die standplaas wat die boer gekies het, is sentraal ten opsigte van die plaasgrense.
- (a) Noem EEN voordeel van 'n sentraalgeleë standplaas ten opsigte van die plaasgrense. (1 x 2) (2)
- (b) Gee EEN moontlike rede hoekom 'n boer nie hierdie sentrale ligging vir sy/haar opstal sal kies nie. (1 x 2) (2)
- 4.3 As gevolg van droogteervaar baie plaasgemeenskappe ontvolking van die platteland.
- 4.3.1 Wat is *ontvolking van die platteland?* (2)
- 4.3.2 Definieer die term *droogte*. (2)
- 4.3.3 Watter invloed sal plattelandse ontvolking op die volgende hê:
- (a) Die ouderdom van die mense wat in die landelike gebiede agterbly (1 x 2) (2)
- (b) Dienslewering in die platteland (1 x 2) (2)
- 4.3.4 Gee redes waarom droogtes tot landelike ontvolking kan lei. (2 x 2) (4)
- 4.3.5 Gee EEN metode wat ingestel kan word om die uitwerking van droogte te verminder. (1 x 2) (2)

4.4 Baie boere wat die boerderygemeenskap verlaat, vestig hulle in groot stede soos in FIGUUR 4.4 (BYLAE aangeheg). Bestudeer FIGUUR 4.4 sorgvuldig voordat die volgende vrae beantwoord word:

4.4.1 Verwys na die woongebied gemerk Naledi.

- (a) Gee TWEE voordele van Naledi se straatpatroon. (2 x 2) (4)
- (b) Gee TWEE nadele van Naledi se straatpatroon. (2 x 2) (4)

4.4.2 Verwys na die nywerheidslandgoed. 'n Mens sal hoofsaaklik swaar nywerhede in die nywerheidslandgoed vind.

- (a) Wat is 'n nywerheidslandgoed? (2)
- (b) Wat is 'n swaar nywerheid? (2)
- (c) Met inagneming van die ligging, verduidelik hoekom 'n mens swaar nywerhede in hierdie nywerheidslandgoed sal aantref. (4)
- (d) Gee EEN voorbeeld van 'n swaar nywerheid wat 'n mens in die swaar nywerheidslandgoed kan aantref. (1 x 2) (2)
- (e) Toeganklikheid het 'n belangrike rol in die keuse van 'n standplaas vir hierdie nywerheidslandgoed gespeel. Verduidelik hierdie stelling. (1 x 2) (2)

4.4.3 Die ontwikkeling van die nywerheidslandgoed het lugbesoedelingsvlakte verhoog.

- (a) Watter voorstad, Gardenia, Naledi of Protea, sal die meeste deur die lugbesoedeling beïnvloed word? (1 x 2) (2)
- (b) Gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 4.4.3(a). (1 x 2) (2)
- (c) Watter voorsorgmaatreëls kan ingestel word om die lugbesoedelingsvlakte wat van die nywerheidslandgoed kom, te verminder? (2 x 2) (4)

- 4.4.4** Baie verskillende kommersiële/besigheidsones kan in die neder-setting in FIGUUR 4.4 (BYLAE aangeheg) waargeneem word.
- (a) Watter kommersiële/besigheidsone kom in die kleinste getalle voor? (Moenie die SSK by jou antwoord insluit nie.) (1)
 - (b) Watter kommersiële/besigheidsone kom in die grootste getalle voor? (1)
 - (c) Watter tipe kommersiële ontwikkeling word deur R voorgestel? (1)
 - (d) Gee 'n rede vir die ontwikkeling van die kommersiële sone gemerk R. (1 x 2) (2)
 - (e) Waarom kan mens sê dat kommersiële sone H goed geleë is? (1 x 2) (2)
 - (f) Hoe sal kommersiële sones H en R van mekaar verskil met verwysing na die verskeidenheid goedere wat verkoop word? (1 x 2) (2)
 - (g) Hoe sal kommersiële sones H en R van mekaar verskil met verwysing na die orde van funksies wat daar voorkom? (Verwys na hoë- en lae-ordefunksies.) (1 x 2) (2)
- [75]

TOTAAL AFDELING B: **75**

AFDELING C: STREEKSAARDRYKSKUNDE

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 5

5.1 Die volgende stellings hou almal verband met streeksaardrykskunde. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer neer.

- | | | | |
|-------|---|---------|-----|
| 5.1.1 | (a) Gauteng is in die woudplantegroeistreek geleë. | (1 x 2) | (2) |
| | (b) Gauteng ontvang somerreënval. | (1 x 2) | (2) |
| | (c) Gauteng ondervind dikwels donderstorms. | (1 x 2) | (2) |
| 5.1.2 | Verwys na FIGUUR 5.7 (BYLAE aangeheg). | | |
| | (a) Die Lesotho Hooglandwaterskema voorsien vars water aan Gauteng. | (1 x 2) | (2) |
| | (b) Nommer (iv) verteenwoordig die Lesotho Hooglandwaterskema. | (1 x 2) | (2) |

GAUTENG DIE KOMMERSIËLE HART

Deur VUSUMUZI KA NZAPHEZA

Dit mag Suid-Afrika se kleinste provinsie wees van net 17 000 km², maar Gauteng verteenwoordig die helfte van die land se inkomste en dit betaal bykans die helfte van die salarisse. 'n Statistiek Suid-Afrika-opname het getoon dat werknemers in Gauteng tot 47,7% van die land se werknemers verteenwoordig en dat Gauteng tot 50,4% van die land se besigheid bygedra het. Hierdie inligting is gebruik om die bruto binnelandse produk (BBP) per streek te skat.

Volgens die verslag het die totale vergoeding in die land met 4,5% afgeneem, terwyl die totale omset met 3,4% in die derde kwartaal van 2005 toegeneem het.

Gauteng is die land se ekonomiese kern. Ongeveer nege miljoen mense woonagtig in dié provinsie dra 'n beraamde een derde tot die land se BBP by en 9% van die BBP van die kontinent. Die vervaardigingsektor alleen het 600 000 mense in diens in meer as 9 000 ondernemings.

Vry vertaal uit CITIZEN, 23 Desember 2005

- 5.2 Verwys na FIGUUR 5.2 (BYLAE aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

- 5.2.1 Noem Gauteng se buurprovincies gemerk E, F, G en H. (4)
- 5.2.2 Noem die hoofstad van Gauteng. (1)

5.3 Gauteng is die kleinste provinsie in Suid-Afrika maar het die grootste bevolking. Dit plaas Gauteng se hulpbronne onder groot druk. Verwys na FIGUUR 5.3 (BYLAE aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

- 5.3.1 Noem TWEE natuurlike hulpbronne wat onder groot druk geplaas word as gevolg van die toename in bevolking in Gauteng. (2)
- 5.3.2 Uit FIGUUR 5.3, gee EEN hulpbron wat:
 (a) Hernieubaar is (1)
 (b) Nie-hernieubaar is (1)
- 5.3.3 Verduidelik waarom word natuurlike hulpbronne onder druk geplaas word as gevolg van die toename in bevolking. (2 x 2) (4)
- 5.3.4 Gee EEN moontlike rede waarom so baie mense in Gauteng woon. (1 x 2) (2)
- 5.3.5 Gee EEN stedelike probleem wat ontstaan as gevolg van die digte bevolking in Gauteng. (1 x 2) (2)
- 5.3.6 Gee EEN oplossing vir die stedelike probleem genoem in VRAAG 5.3.5. (1 x 2) (2)
- 5.3.7 Watter metodes kan moontlik bekendgestel word in Suid-Afrika om die bevolkingsgroei te vertraag? (2 x 2) (4)
- 5.4 Mynbou het 'n belangrike rol in die ontwikkeling van Gauteng se nywerhede gespeel.
- 5.4.1 Noem die hoofmineraal wat in Gauteng ontgin word. (1)
- 5.4.2 Noem enige TWEE faktore wat die ontwikkeling van mynbou in Suid-Afrika begunstig het. (2 x 2) (4)
- 5.4.3 Noem enige TWEE faktore wat die ontwikkeling van die mynbou in Suid-Afrika gestrem (verhinder) het. (2 x 2) (4)
- 5.4.4 Hoekom het mynbou 'n belangrike rol in die ontwikkeling van nywerhede gespeel? (1 x 2) (2)
- 5.4.5 Watter rol het mynbou in die ontwikkeling van dorpe/stede gespeel? (1 x 2) (2)

5.5 Die ontwikkeling van nywerhede het grootliks daartoe bygedra dat Gauteng die grootste bydraer tot Suid-Afrika se BBP is. Die nywerheidskompleks in Gauteng staan as die PWV-nywerheidstreek bekend.

- 5.5.1 Waarvoor staan die afkorting *BBP*? (2)
- 5.5.2 Waarvoor staan die afkorting *PWV*? (3)
- 5.5.3 Die koerantartikel noem dat daar meer as 9 000 ondernemings in die vervaardigingsektor is.
 - (a) Noem EEN faktor wat nywerheidsontwikkeling in Gauteng begunstig. (1 x 2) (2)
 - (b) Noem EEN faktor wat nywerheidsontwikkeling in Gauteng strem (verhinder). (1 x 2) (2)
 - (c) Gee EEN voorbeeld van 'n swaar nywerheid wat in Gauteng voorkom. (1 x 2) (2)

5.6 Gauteng het die digste verkeersnetwerk van al die provinsies in Suid-Afrika.

- 5.6.1 Verduidelik waarom Gauteng so 'n digte verkeersnetwerk ontwikkel het. (1 x 2) (2)
- 5.6.2 Watter rol speel die verkeersnetwerk in die ekonomiese ontwikkeling van 'n binnelandse provinsie soos Gauteng? (2 x 2) (4)
- 5.6.3 Wat is die hoofprobleem wat die vervoernetwerk van Gauteng huidig in die gesig staar? (1 x 2) (2)

5.7 Om in die groter aanvraag na vars water in Gauteng te voorsien, is twee groot wateroordragskemas ontwikkel. Verwys na FIGUUR 5.7 (BYLAE aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

- 5.7.1 Identifiseer riviere X en Y onderskeidelik. (1 x 2) (2)
- 5.7.2 Rivier X vorm 'n internasionale grens. Noem die land wat van Suid-Afrika deur rivier X geskei word. (1)
- 5.7.3 In watter oseaan vloei rivier X? (1)

- 5.7.4 Gee TWEE redes waarom daar 'n behoefte was om vars water na Gauteng in te voer. (2 x 2) (4)
- 5.7.5 Die Lesotho Hooglandwaterskema speel 'n belangrike rol in die opwekking van elektrisiteit. Watter tipe elektrisiteit word hier opgewek? (1 x 2) (2)
- [75]**

OF**VRAAG 6**

- 6.1 Die volgende stellings hou almal verband met streeksaardrykskunde. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer neer.
- 6.1.1 Die Oos-Kaap is in die woestynplantegroeistreek geleë. (1 x 2) (2)
- 6.1.2 Die Oranje-Viswateroordragskema voorsien water vir besproeiing aan die Oos-Kaap. (1 x 2) (2)
- 6.1.3 Umtata is die hoofstad van die Oos-Kaap. (1 x 2) (2)
- 6.1.4 Motormonteringaanlegte is die mees dominante nywerheidsaktiwiteit in die Port Elizabeth-Uitenhage-nywerheidstreek. (1 x 2) (2)
- 6.1.5 Die BBP van die Oos-Kaap is slegs op primêre aktiwiteite gebaseer. (1 x 2) (2)

Die Oos-Kaap is een van Suid-Afrika se digsbevolkte provinsies. Dit is ook een van die armste provinsies. Alhoewel die Port Elizabeth-Uitenhage-nywerheidstreek daar voorkom, maak baie mense nog steeds staat op boerdery as 'n inkomste.

6.2 Verwys na FIGUUR 6.2 (BYLAE aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord:

- 6.2.1 Identifiseer Suid-Afrika se buurstaat A. (1)
- 6.2.2 Identifiseer oseaan C. (1)
- 6.2.3 Identifiseer seestroom B. (1)
- 6.2.4 Is seestroom B warm of koud? (1)
- 6.2.5 Die klimaat langs die ooskus van Suid-Afrika word deur seestroom B beïnvloed.
 - (a) Hoe beïnvloed seestroom B die temperatuur langs die ooskus van Suid-Afrika? (1 x 2) (2)
 - (b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 6.2.5(a). (2 x 2) (4)

6.3 Boerdery dra grootliks by tot die BBP van die Oos-Kaap.

- 6.3.1 Identifiseer, met verwysing na FIGUUR 6.3 (BYLAE aangeheg), TWEE hooflandbouprodukte wat in die Oos-Kaap verbou word. (2 x 1) (2)
- 6.3.2 Tot watter ekonomiese sektor behoort landbou? (1 x 2) (2)
- 6.3.3 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 6.3.2. (1 x 2) (2)

6.4 Suid-Afrika se geografiese ligging tussen Wes-Europa en die Asiatische lande, begunstig die ontwikkeling van hawens in ons land. Verwys na FIGUUR 6.3 (BYLAE aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord:

- 6.4.1 Identifiseer hawens D en E. (2 x 1) (2)
- 6.4.2 Hoe word Suid-Afrika se hawens bevoordeel wanneer skepe by die hawens op hul roete tussen Wes-Europa en Asië en terug aan doen? (2 x 2) (4)

6.5 Omdat baie mense van bestaansboerdery in Suid-Afrika afhanklik is (daarom ook in die Oos-Kaap), ontstaan baie omgewingsprobleme. Verwys na FIGUUR 6.5 (BYLAE aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

- | | | |
|-------|--|---------|
| 6.5.1 | Verduidelik die betekenis van die term <i>bestaansboerdery</i> . | (2) |
| 6.5.2 | Watter bewys in FIGUUR 6.5 dui daarop dat bestaansboerdery hier plaasvind? | (2) |
| 6.5.3 | Hoekom dra bestaansboerdery nie tot die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika by nie? | (2 x 2) |
| 6.5.4 | Behalwe bestaansboerdery, noem EEN ander faktor wat boerdery-aktiwiteite in Suid-Afrika strem (verhinder). | (1 x 2) |
| 6.5.5 | Daar is baie faktore wat boerdery in Suid-Afrika begunstig. Noem EEN faktor wat boerdery in Suid-Afrika begunstig. | (1 x 2) |
| 6.5.6 | Bespreek die belangrikheid van boerdery-aktiwiteite vir Suid-Afrika. | (2 x 2) |
| | | (4) |
| 6.6 | Bestaansboerderypraktyke plaas groot druk op die grond om meer mense te ondersteun. Dit gee aanleiding tot ontbossing, gronderosie en verwoestyning. Verwys na FIGUUR 6.5 (BYLAE aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord: | |
| 6.6.1 | Verduidelik die betekenis van die term <i>ontbossing</i> . | (1 x 2) |
| 6.6.2 | Gee EEN moontlike rede waarom ontbossing in Suid-Afrika toename. | (1 x 2) |
| 6.6.3 | Waarom raak grond oorbenut en oorbeset met diere? | (1 x 2) |
| 6.6.4 | Gee TWEE gevolge van ontbossing en verwaeling van die grond. | (2 x 2) |
| 6.6.5 | Gee EEN rede waarom dit belangrik is om die natuurlike plantegroei te beskerm. | (1 x 2) |
| 6.6.6 | Gee EEN manier wat gebruik kan word om die natuurlike plantegroei te beskerm. | (1 x 2) |
| | | (2) |


6.7 Daar is 'n toenemende aantal mense in Suid-Afrika wat met MIV/Vigs besmet en daardeur beïnvloed word. Dit het 'n groot uitwerking op die bevolkingsgetalle, arbeidsmag en ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika. Verwys na FIGUUR 6.7 (BYLAE aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

- | | | |
|-------|---|---------|
| 6.7.1 | Wat was die oorsaak van die vader se afsterwe? | (1) |
| 6.7.2 | By watter tipe ekonomiese aktiwiteit is die familie betrokke? | (1) |
| 6.7.3 | Noem EEN poging wat die vader se familie aangewend het om 'n geneesmiddel vir die siekte te kry. | (1) |
| 6.7.4 | Hoe het die siekte wat die vader onder lede het die ekonomiese status van die familie beïnvloed? | (1 x 2) |
| 6.7.5 | Beskryf hoe die siekte wat in VRAAG 6.7.1 genoem is, die bevolkingsgrootte in die toekoms sal raak. | (1 x 2) |
| 6.7.6 | Beskryf hoe die siekte wat in VRAAG 6.7.1 genoem is, die arbeidsmag in die toekoms sal raak. | (1 x 2) |
| 6.7.7 | Stel TWEE moontlike voorsorgmaatreëls voor waarop die verspreiding van MIV/Vigs voorkom kan word. | (2 x 2) |

TOTAAL AFDELING C: **75**

GROOTTOTAAL: **225**





education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

AARDRYSKUNDE VRAESTEL 1 BYLAE


HOËR GRAAD / STANDAARDGRAAD

OKTOBER/NOVEMBER 2006



502-1/1A & 502-2/1A

BYLAE

Hierdie bylae bestaan uit 7 bladsye.

FIGUUR 1.2**FIGUUR 1.3A**

Impermeeble/Ondeuriatbaar
Permeable/Deurlaatbaar

FIGUUR 1.3B**FIGUUR 1.3B****FIGUUR 1.4**

Resistant rock/Weerstandbiedende rots


FIGUUR 1.4**FIGUUR 1.5****FIGUUR 1.2**








FIGURE 2.2 FIGUUR 2.2**FIGURE 2.3****FIGUUR 2.3****FIGURE 2.4****FIGUUR 2.4****FIGURE 2.5 FIGUUR 2.5****FIGURE 2.6****FIGUUR 2.6**

FIGURE 3.2

FIGUUR 3.2



Settlement/Nedersetting A



Settlement/Nedersetting B




FIGURE 3.3

FIGUUR 3.3






FIGURE 4.2



FIGUUR 4.2

FIGURE 4.4



FIGUUR 4.4

FIGUUR 5.2






FIGURE 5.3






FIGUUR 5.3

FIGURE 5.7



FIGUUR 5.7

AFRIKAANS**FIGUUR 6.2****FIGUUR 6.3****FIGUUR 6.7****FIGUUR 6.5**